**eduresourceza.com**

Downloaded from eduresourceza.com

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

[redacted]

# GRAAD 12

## SEPTEMBER 2017

# VERBRUIKERSTUDIES

**PUNTE:** 200

**TYD:** 3 uur

*CNSTA*

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit SES vrae.

| | AFDELING | PUNTE | TYD (MIN) |
|---|---|---|---|
| VRAAG 1: | Kortvrae – (Alle onderwerpe) | 40 | 20 |
| VRAAG 2: | Die verbruiker | 20 | 20 |
| VRAAG 3: | Voedsel en Voeding | 40 | 40 |
| VRAAG 4: | Kleding | 20 | 20 |
| VRAAG 5: | Behuising | 40 | 40 |
| VRAAG 6: | Entrepreneurskap | 40 | 40 |
| **TOTAAL** | | **200** | **180** |

2. AL die vrae is verpligtend en moet in die ANTWOORDEBOEK beantwoord word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

4. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.

5. Jy mag 'n sakrekenaar gebruik.

6. Skryf slegs in swart of blou ink.

7. Gee aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Skryf netjies en leesbaar.

eeduresourceza.com


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## VRAAG 1 KORTVRAE

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord deur die korrekte letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.20) in die ANTWOORDEBOEK te skryf.

1.1.1 Die maatstaf wat gebruik word om die verhoging in prys sowel as om die inflasiekoers te bereken:

A Inflasiekoers
B Rentekoers
C Verbruikersprysindeks
D Repokoers (1)

1.1.2 'n Valse en oneerlike besigheidspraktyk word … genoem.

A 'n stokvel
B 'n swendelaarskema
C 'n piramideskema
D grysgoedere (1)

1.1.3 Belasting wat ontvang word deur die verkoop van 'n huis staan bekend as …

A boedelbelasting.
B kapitaalwinsbelasting.
C eiendomsbelasting.
D eiendomsevaluasiebelasting. (1)

1.1.4 Die toestand waarin die bloedglukosevlak abnormaal laag daal:

A Hipertensie
B Hipoglukemie
C Diabetes
D Hiperglukemie (1)

1.1.5 Laktose-intoleransie ontwikkel wanneer die liggaam nie … in die melk verteer nie.

A kalsium
B vet
C koolhidrate
D proteïene (1)

1.1.6 … sal die beste wees om die immuniteitstelsel van 'n MIV-positiewe persoon te versterk.

A Koejawelsap
B Tee
C Koffie
D Water (1)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

1.1.7 Die kombinasie van voedsel sal bydra tot verhoogde cholesterolvlakke:

A Botter en lamkarmenaadjies
B Laevet melk en 'lite' margarien
C Afgeroomde melk en laevet jogurt
D Sonneblomolie en sojabone (1)

1.1.8 Voedselverwante siekte wat die lewer aantas:

A Disenterie
B E.coli
C Gastro-enteritis
D Hepatitis A (1)

1.1.9 Handelsmerkrowery is …

A ongeoorloofde gebruik van beskermde handelsmerke.
B die gebruik van swak-kwaliteit produkte wat nie volhoubaar is nie.
C kopiëring van nagemaakte handelsname.
D invoer van goedere na 'n land. (1)

1.1.10 'Sportdrag het straatdrag geword'. Die stelling verwys na 'n …

A afname in modes.
B modeneiging.
C modesiklus.
D klassieke modes. (1)

1.1.11 'n Getekende verkoopooreenkoms is 'n kontrak tussen 'n …

A koper en huiseienaar.
B koper en 'n eiendomsagent.
C huiseienaar en 'n prokureur.
D huiseienaar en 'n huurder. (1)

1.1.12 Die geld wat 'n huiskoper by die bank leen, word 'n … genoem.

A verbandlening
B kollaterale sekuriteit
C verbandregistrasie
D verband (1)

1.1.13 Die maandelikse verbandterugbetaling moet nie meer as … van die huiseienaar se maandelikse inkomste wees nie.

A 20% - 30%
B 25% - 30%
C 25% - 35%
D 20% - 25% (1)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

1.1.14 Mnr. Hermanus was in 'n ongeluk en is nou permanent in 'n rolstoel. Die volgende versekering sal die uitstaande huislening balans dek:

A Verbandversekering
B Langtermynversekering
C Huishoudelikeversekering
D Huiseienaarsversekering (1)

1.1.15 Die … is die dokument wat as bewys dien dat u die wettige eienaar is van 'n eiendom is.

A Titelakte
B Verkoopsakte
C Voltitel eienaarskap
D Deeltitel (1)

1.1.16 Die volgende onderskrywing wys dat die huishoudelike toestel aan sekere vereistes voldoen:

A SANF
B SABC
C SABS
D SANCU (1)

1.1.17 Die bedrag wat by die kosprys gevoeg word om alle uitgawes te dek en steeds 'n wins te maak, word … genoem.

A verkoopprys
B aanvangskoste
C bedryfskoste
D operasionele koste (1)

1.1.18 Identifiseer die besigheid wat die mees volhoubaar winsgewend is.

A Suzanne het nie altyd genoeg geld om rou grondstof te koop nie.
B Ringani verkoop elke maand meer produkte en sy het 'n ander tak oopgemaak.
C Thandi moes twee werknemers ontslaan omdat sy nie meer werk vir hulle het nie.
D Dorothy bestee te veel van haar besigheid se inkomste aan klere. (1)

1.1.19 Kwaliteit beheer is …

A die eis vir 'n gespesialiseerde diens.
B die proses vir inspeksie van produkte.
C die evaluering van die voorgestelde projek.
D 'n metode wat gebruik word om produkte te prys. (1)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

1.1.20 Die verkoopprys vir vyf produkte is R750,00 en die produksiekoste is R530,00. Dui aan hoeveel wins is per produk gemaak.

A R44,00
B R56,00
C R163,00
D R220,00 (1)

(20 × 1) (20)

1.2 Kies die beskrywing van KOLOM B wat pas by 'n term in KOLOM A. Skryf die letter (A–I) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK.

| KOLOM A Term | | KOLOM B Beskrywing | |
|---|---|---|---|
| 1.2.1 | Kontrak | A | Eensydige besigheidspraktyk |
| 1.2.2 | Afkoelperiode | B | Vorm die outomatiese vernuwing van kontrakte |
| 1.2.3 | Uitsluitingsklousule | C | Goedere verkoop deur 'n besigheid sonder goedkeuring van die vervaardiger |
| 1.2.4 | Stokvel | D | Aanspreeklikheid vir persoonlike beserings is uitgesluit |
| 1.2.5 | Versekeringskontrak | E | 'n Direkte bemarkingskontrak kan binne vyf dae gekanselleer word |
| | | F | 'n Ooreenkoms met wettige implikasies tussen twee persone |
| | | G | Spaarklub waar mense op 'n gereelde manier 'n bydrae maak |
| | | H | 'n Party word gevrywaar van sy/haar verpligtinge as hy/sy faal om goedere te lewer wat met 'n ooreenkoms besluit is |
| | | I | Dit is 'n ooreenkoms tussen partye en versekering |

(5 × 1) (5)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

1.3 Kies 'n term in KOLOM B wat pas by 'n beskrywing in KOLOM A. Skryf die letter (A–H) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK.

| **KOLOM A Beskrywing** | | **KOLOM B Term** | |
|---|---|---|---|
| 1.3.1 | 'n Nuwe mode word deur modeleiers gedra | A | Modegier |
| 1.3.2 | 'n Onwettige kopie van 'n produk | B | Handelsnaam |
| 1.3.3 | Die rigting waarin die mode beweeg | C | Styl |
| 1.3.4 | Die spesifieke eienskappe wat een produk of item van 'n ander verskil | D | Klassieke styl |
| 1.3.5 | Mode wat altyd as smaakvol beskou word | E | Modeneiging |
| | | F | Handelsmerk-plagiaat |
| | | G | Vervalsing |
| | | H | Hoë modes |

(5 × 1) (5)

1.4 Gee die korrekte woord/term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.5) in die ANTWOORDEBOEK.

1.4.1 Wanneer al die mense ten alle tye toegang tot genoegsame, veilige en voedsame voedsel het
1.4.2 Natuurlike of chemiese middels wat bygevoeg word gedurende prosessering om 'n spesifieke funksie te vervul
1.4.3 Voedsel gegroei sonder kunsmisstowwe, groeireguleerders of plaagdoders
1.4.4 Voedseltegnologie wat mikro-organismes verminder of elimineer om die raklewe van voedsel te verbeter
1.4.5 Voedsel waar 'n geen van een organisme met 'n ander organisme gekombineer word om eienskappe van die ander voedsel in te voer

(5 × 1) (5)

1.5 Identifiseer VYF voorbeelde uit die onderstaande lys wat op universele ontwerp in huishoudelike apparaat van toepassing is. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommer (1.5) in die ANTWOORDEBOEK.

A 'n Kinderslot is ingesluit
B Kontrole is maklik om met groot woorde te lees
C Dubbelbalie kan twee ladings op dieselfde tyd in beslag neem
D Party wasmasjiene gebruik minder water
E Die deur kan teen 'n hoek van 180° oopmaak
F Die rakke kan aangepas en verwyder word
G 'n Alarm dui die einde van die program aan
H Voorlaaier het aandag gedurende die wasproses nodig
I Die HEPA-filters is hipoallergenies

(5 × 1) (5)
**[40]**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## VRAAG 2 DIE VERBRUIKER

2.1 Definieer die volgende terme:

2.1.1 Waarborg (2)

2.1.2 Inflasie (2)

2.2 2.2.1 Verduidelik die woord *uitvissing* (*phishing*). (2)

2.2.2 Gee DRIE maniere hoe jy jouself teen aanlynuitvissing kan beskerm. (3)

2.3 Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae wat volg:

> Shaun koop ingevoerde sigarette by 'n plaaslike buitelander se winkel. Die sigarette is baie goedkoop in vergelyking met welbekende sigarethandelsname.

2.3.1 Beskryf die tipe goedere waarna in die scenario verwys word. (3)

2.3.2 Identifiseer die tipe belasting waarvoor Shaun betaal wanneer hy sigarette koop. (1)

2.3.3 Verduidelik die redes waarom hierdie tipe belasting deur verbruikers soos Shaun betaal word. (2)

2.4 Lees die onderstaande scenario en beantwoord die vrae wat volg:

> 1. Aan die einde van 2015, begin 2016 was Suid-Afrika deur 'n ernstige droogte getref.
> 2. Ekonome het verbruikers teen 'n moontlike tekort aan mieliemeel, mielierys en stampmielies gewaarsku.
> 3. Die waarde van die rand het ook gedaal.

2.4.1 Noem TWEE voedsel-items uit die scenario wat vrygestel is van belasting op toegevoegde waarde (BTW). (2)

2.4.2 Bespreek hoe die inligting in die scenario die huishoudelike begroting van verbruikers sal beïnvloed. (3)
**[20]**

eduresourceza.com


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## VRAAG 3 VOEDSEL EN VOEDING

3.1 Noem TWEE voedsels wat allergieë veroorsaak. (2)

3.2 Noem DRIE voordele wat organies verbode voedsel vir die natuurlike omgewing mag hê. (3)

3.3 "Voedselbestraling is 'n tegnologie wat gebruik word om die veiligheid van voedselprodukte soos kruie te verbeter". Bespreek VIER redes waarom die stelling waar is. (4)

3.4 Vergelyk melkallergie en laktose-intoleransie. Tabuleer jou antwoord soos volg:

| **Melkallergie** | **Laktose-intoleransie** |
|---|---|
| (2) | (2) |

(4)

3.5 Verduidelik waarom koronêre hartsiekte as 'n lewenstylsiekte beskou word. (3)

3.6 Beantwoord die volgende vrae oor cholesterol.

3.6.1 Beskryf *hoë cholesterol.* (3)

3.6.2 Beskryf hoe gereelde toetsing van bloedcholesterolvlakke 'n persoon wat aan hoë bloedcholesterolvlakke lei, sal bevoordeel. (3)

3.6.3 Gee VIER dieetriglyne om hoë bloedcholesterolvlakke te beheer. (4)

3.7 Onderskei tussen Tipe 1- en Tipe 2-diabetes. Tabuleer jou antwoord soos volg:

| **Tipe 1** | **Tipe 2** |
|---|---|
| (2) | (2) |

(4)

3.8 Lees die onderstaande scenario en beantwoord die vrae wat volg:

> Tammy bly by haar oupa en ouma in 'n een slaapkamer huis. Haar grootouers (grandparents) ontvang 'n klein pensioen, maar dit is te min om daagliks gebalanseerde etes te voorsien.
>
> Hulle het 'n klein tuintjie waar hulle spinasie, uie, tamaties, wortels en kool vir huishoudelike gebruik groei. Hulle het ook 'n lemoenboom in die tuin wat lemoene in die winterseisoen oplewer.
>
> Twee maande gelede het Tammy se oom hulle vir twee weke besoek. Die oom is nie gesond nie, hy hoes baie, is baie maer en permanent moeg. Tammy het onlangs siek geword. Sy het 'n ernstige hoes ontwikkel, sy het bloeddruppels in haar sputum opgemerk. Sy het ook borspyne ontwikkel en baie gewig verloor.

3.8.1 Verduidelik hoe die siekte versprei kon word. (2)

3.8.2 Analiseer die impak van die groente en vrugte op Tammy se gesondheid. (8)

**[40]**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## VRAAG 4 KLEDING

4.1 Definieer die volgende terme:

4.1.1 Retrospektiewe mode (2)

4.1.2 Organiese tekstiele (2)

4.2 Verduidelik hoe modes deur tegnologiese ontwikkelings beïnvloed word. (3)

4.3 Beskryf wat ŉ basiese klerekas is. (2)

4.4 Bespreek waarom die modesiklus oorvleuel. (3)

4.5 Verduidelik waarom dit belangrik is om kwaliteit klere te koop wanneer jy klere vir werk kies. (2)

4.6 Lees die volgende inligting en gee jou opinie oor die rol wat jou voorkoms in die wêreld van werk speel.

| |
|---|
| Klere vir die werksplek behoort eenvoudig, maar klassiek te wees. Die aantrek van ŉ korporatiewe uniform verseker ŉ basiese standaard van jou voorkoms. Op die manier sal kliënte luister wat jy sê. |

(6)
**[20]**

eduresourceza.com


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## VRAAG 5 BEHUISING

5.1 Verduidelik die volgende terme:

5.1.1 Oordragskoste (2)

5.1.2 Oordrag fooie (2)

5.2 Noem DRIE koste-items wat by maandelikse verbandterugbetalings ingesluit word. (3)

5.3 Noem die inligting wat in ŉ kontrak, wat die bouer en eienaar van die eiendom moet teken, moet wees. (4)

5.4 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg:

> Die Buys-gesin het ŉ agtjarige seun en ŉ vyftienjarige dogter. Hulle het ŉ woonstel in ŉ veilige kompleks gekoop. Hulle het dikwels die swembad gebruik. Hulle het baie van hul geld aan vervoer na hul werk en skool bestee. Mnr. Buys was na ŉ ander dorp oorgeplaas en die gesin het besluit om te verhuis.
> Hulle het ŉ klein wooneenheid vir ŉ paar maande gehuur totdat hulle ŉ drieslaapkamerhuis met ŉ alarmstelsel en veiligheidshekke gekry het. Die huis is naby ŉ skool, biblioteek en winkelsentrum. Die gesin het besluit om die huis te koop.

Identifiseer en verduidelik die tipe eienaarskap van die Buys-gesin:

5.4.1 Toe hulle die huis in die nuwe dorp gekoop het (3)

5.4.2 Toe hulle die woonstel gekoop het (3)

5.5 Bespreek VIER voordele van die huur van die wooneenheid. (4)

5.6 Noem VIER voordele van die besit van die woonstel in die kompleks. (4)

5.7 Verduidelik waarom die huis die ideale gesinshuis sal wees. (3)

5.8 Die Buys-gesin het oorweeg om ŉ stofsuier te koop.

- Stofretensie – 1,5 liter-kapasiteit
- Gebruik minder krag
- Wasbare filter
- Antibakteriese beskerming
- Kan by moeilike hoeke bykom
- Met gladde wiele ontwerp om delikate oppervlakke te beskerm



5.8.1 Verduidelik waarom hierdie stofsuier as omgewingsvriendelik beskou kan word. (4)

5.8.2 Evalueer die geskiktheid van hierdie stofsuier vir die skoonmaak van ŉ drieslaapkamerhuis met teëlvloere sowel as volvloermatte. (8)

**[40]**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## VRAAG 6 ENTREPRENEURSKAP

6.1 Noem VIER redes waarom produkte verpak word. (4)

6.2 Verduidelik *winsmarge* met betrekking tot klein besigheidspraktyke. (2)

6.3 Meld DRIE voordele vir die opleiding van ongeskoolde werkers. (3)

6.4 Lees die onderstaande gevallestudie en beantwoord die vrae wat volg:

> Wendy Smith wat ŉ passie vir gebak het, het ŉ klein besigheid van haar huis begin. Sy het besluit om gesonde ontbytbeskuitjies te maak. Sy het haar tante se 'choc-chip' beskuitresep aangepas deur rosyne in plaas van sjokolade en in plaas van botter margarien te gebruik. Sy het haar besigheid met basiese apparaat en ŉ elektriese klitser begin. Met die baie bestellings het haar besigheid begin groei en toe moes sy na ŉ groter perseel verhuis. Sy voorsien tans baie winkels en haar besigheid word op ŉ kommersiële webwerf geadverteer.
> "Ek is passievol oor die ontwerp van elke beskuit, die manier hoe die produk verpak is asook die manier hoe die produk versprei word. My prioriteit is om na die span te luister en hoe hulle idees en voorstelle van ons kliënte uitvoer. Hulle het die groei van die maatskappy gevorm."
>
> Haar besigheidsyfers is soos volg:
> Aanvangskostes: R3 000,00
> Verkoopprys vir een beskuit: R23,80

6.4.1 Wendy het met die idee vorendag gekom toe sy ŉ behoefte vir die produk in ŉ gegewe teikenmark gesien het. Beskryf die teikenmark wat die produk sal trek. (2)

6.4.2 Waarom is dit belangrik om by die produkspesifikasie te hou? (2)

6.4.3 Wendy het ŉ besigheidsplan opgetrek voordat sy die besigheid bekend gestel het. Persone is een van die 5P's van ŉ suksesvolle bemarking. Noem die ander 4P's van ŉ bemarkingsplan en verduidelik hoe Wendy elke een vervul. (8)

6.4.4 "Hulle het die groei van die maatskappy gevorm". Brei uit oor die belangrikheid van goeie kliënteverhoudings. (3)

6.4.5 Noem die inligting wat gebruiklik op die etiket van die ontbytbeskuit moet verskyn. (4)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

6.5 Gebruik die volgende inligting met betrekking tot die berekening van die koste om die vrae te beantwoord:

**Jamé se Bloemiste**

| **Koste per ruiker** | |
|---|---|
| Roumateriale | R120,00 |
| Operasionele koste | R80,00 |
| Winsmarge | 75% |

6.5.1 Bereken die verkoopprys van 'n ruiker. Toon ALLE berekeninge. (3)

6.5.2 Bereken die wins op die spesifieke produk vir 'n maand as sy 40 ruikers gedurende dié periode verkoop het. (2)

6.5.3 Analiseer hoe 'n finansiële uitvoerbaarheidstudie Jamé sal help om te bepaal hoe volhoubaar winsgewend haar besigheid sal wees. (7)
**[40]**

**TOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com
Downloaded from eduresourceza.com